Downloaded from Stanmorephysics.com


basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**NOVEMBER 2025**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com


**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (30)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop ná elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**SLIMMER FONE, MAAR DOMMER BREINE**

*Ons kan ons die lewe nie meer sonder slimtoestelle indink nie. Tóg waarsku kenners dat te veel skermtyd "digitale demensie"* veroorsaak, met soortgelyke simptome as dié van regte demensie …*

1 Jy loop by 'n vertrek in en weet jy moes iets daar gaan haal, maar jy kan net nie onthou wat dit is nie. Of jy sien 'n kennis en julle begin land en sand met mekaar gesels, maar jy kan om die dood nie sy/haar naam onthou nie.

2 Vergeetagtigheid is iets waarmee die meeste van ons al te kampe gehad het. Gewoonlik skryf ons dit toe aan ons gejaagde lewe of die ouderdom, maar wat as skermtyd iets daarmee te make het?

3 Drs. Moledina en Khoja skryf in die *Ochsner Journal* (2018) vergeetagtigheid neem toe, omdat mense soveel op hulle slimfone staatmaak dat hulle selfs die kleinste dingetjie nie probeer onthou nie. Soekenjins maak dit maklik om amper enige inligting te kry: ons soeklees deur aanlyn leesstof en hoef nie veel daarvan te onthou nie. Hulle wys daarop dat slimtoestelle die linkerkant van die brein oorstimuleer, máár die regterkant (wat met konsentrasie te make het) word benadeel en begin stelselmatig agteruitgaan.

4 'n Amerikaanse studie, wat in 2022 in die *National Academy of Sciences*-joernaal gepubliseer is, het getoon dat te veel skermgebruik – saam met 'n "sittende" lewenstyl – 'n groter risiko vir demensie inhou. (Digitale demensie is weliswaar nie 'n erkende gesondheidstoestand nie; dié term beskryf eerder die kognitiewe veranderinge wat tipies met tegnologieverslawing geassosieer word.)

5 Prof. Ignatius Gous ('n afgetrede professor verbonde aan Unisa en 'n kenner op die gebied van hoe die brein en denke werk) sê die begrip digitale demensie is moontlik reeds in 2012 deur Spitzer, 'n Duitse neurowetenskaplike, geskep. Spitzer het dié term gebruik om die veranderinge in denke en waarneming, wat as gevolg van die oormatige gebruik van tegnologie plaasvind, te beskryf.

6 Werklike demensie is wanneer mense as gevolg van die agteruitgang van die brein onder meer geheueprobleme ervaar, nie meer goed kan fokus en konsentreer nie, en verward is. Digitale demensie, daarenteen, is eerder die beskrywing van 'n gedragspatroon en die gevolge daarvan. Dit is nie primêr 'n mediese toestand as gevolg van 'n mediese proses van agteruitgang nie. Spitzer en ander kenners wys daarop dat mense wat heeltyd aan hulle fone en rekenaars gekluister is, soortgelyke simptome as dié van demensie ervaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com


7 Dr. Marlena Kruger, die stigter en uitvoerende hoof van die TechnoLife Wise-stigting, fokus op die rehabilitering van mense wat aan digitale verslawing en ander verwante brein- en leerversteurings ly. Sy noem dat digitale demensie veral voorkom by kinders wat van jongs af aan digitale toestelle blootgestel is. Sy steun Spitzer se bevinding dat die simptome van digitale demensie ooreenstem met dié by ander mense wat te veel tyd voor 'n rekenaar deurbring – hulle het ook dikwels 'n slegte postuur, ongesonde eetgewoontes, min fisieke oefening en swak asemhalingstegnieke.

8 Prof. Gous sluit hierby aan deur te noem dat die wêreldgemiddelde van mense se skermtyd 6 uur en 37 minute per dag is. Daar is egter bevind dat ons Suid-Afrikaners 60% van ons dag voor skerms (en veral sosiale media) vasgevang is.

9 Volgens prof. Gous help normale denke en funksionering van die brein die mens om sy omgewing te leer ken en te bemeester sodat hy daaglikse eise, uitdagings en geleenthede kan behartig en benut. Daarvoor het elke mens fokus, leer met begrip en verstaan, en 'n gesonde omgang met die mense en dinge in sy omgewing nodig. Hy meen as skermtyd en die gebruik van tegnologie jou daarmee help, is dit tot jou voordeel.

10 Die vraag wat dus ontstaan, is: Is al die miljoene mense wat wêreldwyd heeldag op rekenaars en slimtoestelle werk, se brein dan besig om as gevolg daarvan agteruit te gaan? Prof. Gous stel ons gerus: As almal die rekenaar en foon as nuttige hulpmiddels gebruik, is die gebruik van tegnologie positief. As jy egter lui is, net die eerste dele van paragrawe en ander sinlose dinge lees, gaan jou vermoë om te dink agteruit en gaan jy skade opdoen.


11 Die gevolgtrekking waartoe ons dus kan kom, is: fokus eerder op 'n spesifieke doel en bly by 'n tydsbeperking as jy besig is met skermtyd, sodat jy jou besondere lewensdoel kan uitleef deur unieke en aktiewe bydraes in jou en ander mense se lewens.

[Aangepas uit *Taalgenoot*, Winter 2024]

***Digitale demensie:** **dit is 'n toestand van sosiale diskonneksie as gevolg van tegnologie. Byvoorbeeld, dit is wanneer ons sukkel om feite te onthou, gedisoriënteer is en ons kognitiewe vermoëns afneem.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## TEKS B: VISUELE TEKS




[Aangepas uit https://lig.co.za/tegnologie-en-kinders-impak-van-skermtyd]

## VRAE: TEKS A

1.1 Verwys na die titel en die subtitel.

1.1.1 Watter woorde in die subtitel skakel met die TWEE aspekte in die titel? Skryf die woorde in die titel EN die toepaslike woorde in die subtitel vir ELKE aspek neer. (2)

1.1.2 Wat wil die skrywer met die insluiting van die woord "Tóg" in die subtitel bereik? (1)

1.2 Waarom, dink jy, is paragraaf 1 'n effektiewe inleiding? (1)

1.3 Onder watter TWEE wanindrukke verkeer baie mense oor vergeetagtigheid? (2)

1.4 Verwys na paragraaf 3.

Die mens maak al hoe meer op slimfone staat.

Gee EEN voordeel en EEN nadeel van hierdie gewoonte. Waarom is die gebruik van selfone in dié opsig ironies? (3)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.5 Verwys na paragraaf 4 en 5.

Daar is 'n 10 jaar-tydsverloop tussen Spitzer se bevindinge (2012) en die Amerikaanse studie (2022).

Watter ooreenstemmende rede voer albei navorsings vir digitale demensie aan? Is dit kommerwekkend dat dié studies ná tien jaar dieselfde bevindinge het? Motiveer jou antwoord. (2)

1.6 Verwys na paragrawe 4 tot 6.

Wat is die kernoorsaak van werklike én digitale demensie onderskeidelik? Watter EEN van hierdie demensies se toestand is NIE herstelbaar NIE? Motiveer jou antwoord. (3)

1.7 Watter VIER simptome is by mense met digitale demensie waarneembaar? (4)

1.8 Lewer kommentaar op die funksionele gebruik van die woord "vasgevang" in paragraaf 8. Motiveer jou antwoord. (1)

1.9 Watter DRIE slaggate moet die mense, wat heeldag op die rekenaars en slimtoestelle werk, vermy? (3)

1.10 Bied die inligting in paragraaf 11 'n oplossing vir die probleem wat in die artikel bespreek word? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS B**

1.11 Watter oplossing word in die advertensie vir die vrae in blokkies 3 tot 5 gegee? (1)

1.12 Watter emosies (oor tegnologie) word enersyds deur die kinders se lyftaal (in die visuele uitbeelding) EN andersyds deur die ouers se woorde (in reël 1 en 2) oorgedra? (2)

1.13 Die retoriese vrae dra tot die effektiwiteit van die advertensie by.

Bewys hierdie stelling met TWEE feite. (2)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.14 Verwys na TEKS B en paragraaf 7 van TEKS A.

1.14.1 Waarom, dink jy, sal ouers dr. Marlena Kruger se raad volg indien hulle raadop met hulle kinders se skermtyd is? (1)

1.14.2 Spreek jou mening uit oor die noodsaaklikheid dat ouers gehoor moet gee aan die oproep om te "Wag tot graad 8". (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van die **SEWE wenke wat jy in gedagte moet hou wanneer jy 'n stemnota per *WhatsApp* stuur**.

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou **eie woorde (in volsinne)** in 'n paragraaf aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**DIE MOETS EN MOENIES VAN STEMNOTAS**

Óf jy is dol daaroor óf dit dryf jou teen die mure uit. Dit is nou "voice notes", oftewel stemboodskappe soos *WhatsApp*. Dit is 'n geriefliker manier om boodskappe te stuur, maar daar is basiese moets en moenies om in ag te neem vóór jy in jou foon se mikrofoon begin klets.

Stemboodskappe verg dat die ontvanger moet stop en luister. Doen eers moeite en vra of die ontvanger in 'n posisie is om 'n stemnota te ontvang. Verder wil niemand luister hoe jy hulle tyd mors met 'n klomp heen-en-weer-pratery nie, sê Jess Joho, 'n Amerikaanse kenner oor digitale intimiteit. Om dit te voorkom, stel sy voor dat jy jou boodskappe kort en gefokus moet hou.

Jy kan die boodskap ook in kleiner brokkies opbreek as jy baie het om te sê. Sodoende kry die luisteraar vinnig die kern van elke stemnota sonder om na 'n vyf minute lange alleenspraak te luister.

Dit klink dalk voor die hand liggend, maar jy moet vooraf minstens vaagweg voorberei wat jy wil sê, sodat jy nie afdwaal nie. Dit is frustrerend om na 'n lang stemnota te luister waarop daar "um", "aa" en baie sugte is. Soms sal 'n eenvoudige teksboodskap met "Ek stem", "oukei" of 'n duim-in-die-lug-emoji voldoende wees. Moenie die stemnota stuur as dit korter as vyf woorde of net 'n klank is nie.

Die goue reël is om nooit stemnotas te gebruik om kontakbesonderhede soos foonnommers of adresse oor te dra nie. Dit is makliker om na 'n teksboodskap te verwys as om weer na 'n stemnota te moet luister.

Al is stemboodskappe dalk geriefliker, kan dit in die beroepsomgewing onvanpas wees. Moenie stemnotas vir werk gebruik wanneer dit belangrike inligting behels nie, want dit is baie moeiliker om op te volg. Nes met enige vorm van kommunikasie kan die stuur van iets wat verkleinerend is, jou in groot moeilikheid laat beland. Pasop dat dit jou nie in 'n slegte lig stel nie.

Dit is byna ondenkbaar om jou 'n lewe sonder stemnotas voor te stel. Hierdie kommunikasiemiddel is hier om te bly – gebruik dit dus met omsigtigheid.

[Aangepas uit *Huisgenoot*, 19 Maart 2021]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Downloaded from Stanmorephysics.com



## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie (TEKS D) en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




[Aangepas uit www.atkvoorde.co.za]

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAE: TEKS D**

3.1 Watter tegniek word gebruik om minder aandag op die naam van die adverteerder in A te vestig? Waarom is dit funksioneel dat die inligting by B nie onder aan die advertensie verskyn nie? (2)

3.2 Die taalgebruik in reël 1 en 2 het ten doel om die leser te manipuleer.

Bewys die stelling. (1)

3.3 Waarom word "feesseisoen" (reël 3) met TWEE s'e gespel? (1)

3.4 Watter stemming word deur die visuele uitbeelding oorgedra EN in watter opsig ondersteun dié uitbeelding die boodskap van die advertensie? (2)

3.5 Verwys na reëls 5 tot 7.

Is die gebruik van die woord "BUFFELSTERK" effektief? Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)

3.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (3.6) en die letter (A–D) neer, bv. 3.6 E.

Watter klankverskynsel vind plaas indien "vakansie" as "vikansie" uitgespreek word?

A Nasalering
B Palatalisasie
C Vokaalreduksie
D Klankverspringing (1)


3.7 Watter inligting in reël 8 en 9 sal jou oortuig om tot aksie oor te gaan en plek by Buffelspoort te bespreek? Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Aangepas uit *Rapport*, 11 Augustus 2024]

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAE: TEKS E**

4.1 Watter visuele bewys is daar in RAAMPIES 2 tot 5 dat Jorik se ouers nog deel van die vorige generasie is? (1)

4.2 Watter emosie dra die vrou se reaksie in RAAMPIE 2 oor? Op watter manier word hierdie emosie versterk? (2)

4.3 Wat wil Jorik met sy woorde in RAAMPIE 6 bereik? (1)

4.4 Skryf die pa se woorde in RAAMPIE 7 in die lydende vorm. (1)

4.5 Evalueer die geslaagdheid van RAAMPIE 9. Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)

4.6 In watter opsig is die ouers se optrede in RAAMPIE 10 vir Jorik 'n antiklimaks? (1)

4.7 Herrangskik die woordorde van die sin in RAAMPIE 10 sodat die tydsaspek beklemtoon word. Skryf die hele sin neer. (1)

4.8 In watter opsig kontrasteer die visuele uitbeelding in RAAMPIE 1 met die woorde in RAAMPIE 10? (1)
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

**NUUTSKEPPINGS: IS JY WOORDSLIM?**

1 Hoesit, awê, arriewarrie. Daar is Afrikaanse neologismes* wat so deel van ons spreektaal is dat ons dit gebruik (5.1) <u>sonder om eers twee keer daaroor te dink</u>.

2 Dan is daar ander nuutskeppings wat maar kon gebly het (Googeloer – om te *Google* – en brilmonster vir 'n *nerd*), want ons gebruik dit nie regtig nie. Families en vriendekringe het ook (5.3) dikwels hulle eie opgemaakte woorde, soms met 'n lekker storie oor waar dié woord vandaan kom. My sussie het byvoorbeeld van vrekvrye staal (5.6) <u>gepraat</u>, in plaas van vlekvrye staal, en so word die woord vandag nog in ons familie gebruik.

3 Met die nuwe inisiatief van Netwerk24 is ons op soek na vyftien oorspronklike Afrikaanse woorde wat (nog) nie in die Afrikaanse woordeboeke bestaan nie. (5.5.1) En ons wil die woorde hê wat so glad op die tong rol dat dit deel van die gebruikstaal gaan word. Dink aan "smaakmaker", 'n woord waarop Netwerk 24 se lesers kopiereg het, nadat hulle dit in 2022 uitgedink het.

4 Teen (5.6) <u>April</u> gaan ons 15 nuutskeppings hê – en dan kom die groot stemmery. Dis mos nou poenankies (oulik, vir diegene wat hierdie woord nie ken nie …).

[Verwerk uit Netwerk 24-produksiehoof, 20 September 2024]

***Neologismes: nuutskeppings**

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (5.1) en die letter (A–D) neer, bv. 5.1 E.

"... sonder om eers twee keer daaroor te dink" kan in EEN woord die beste omskryf word as …

A onverantwoordelik.
B impulsief.
C deurdag.
D waaghalsig. (1)

5.2 "Dan is daar ander nuutskeppings wat maar kon gebly het (Googeloer – om te *Google* – en brilmonster vir 'n *nerd*)." (Paragraaf 2)

Waarom is 'n komma nie gebruik voor die woord "maar" in die sin hierbo nie? Gebruik die woord "maar" in 'n verklarende sin waarin die gebruik van die komma noodsaaklik is. (2)

5.3 Gee 'n antoniem uit paragraaf 2 vir "dikwels". (1)

5.4 "My sussie het van vrekvrye staal <u>gepraat</u> ..." (Paragraaf 2)

Wat is die funksie van die voorvoegsel "ge-" in die onderstreepte woord? (1)

5.5 "En ons wil die woorde hê wat so glad op die tong rol ..." (Paragraaf 3)

5.5.1 Watter tipe werkwoord is "wil"? Hoe sal die sin se betekenis beïnvloed word indien "wil" met "wou" vervang word? (2)

5.5.2 Gee die korrekte intensiewe vorm van "glad" binne konteks van die sin. Gebruik die ander intensiewe vorm van "glad" in 'n verklarende sin. (2)

5.6 Skryf die korrekte afkorting van April in paragraaf 4 neer. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**NOVEMBER 2025**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/bewys/ motivering word oorweeg by die puntetoekenning.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeuse-vrae BEIDE die ooreenstemmende letter met die korrekte antwoord EN/OF die volledige, uitgeskryfde antwoord.

| **VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)*** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1.1 | "slimmer fone" – "slimtoestelle" ✓<br>"dommer breine" – "(digitale) demensie"/"(regte) demensie" ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br>1 |
| 1.1.2 | Die skrywer wil met "tóg" beklemtoon/waarsku dat die gevolge kontrasterend sal wees./dat te veel skermtyd "digitale demensie" kan veroorsaak./dat slimtoestelle negatiewe gevolge inhou. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.2 | Paragraaf 1 plaas die leser onmiddellik in die werklikheid dat hy/sy dikwels vergeet-agtig is./skep 'n praktiese voorbeeld van die vergeetagtigheid./<br>Dit gee onmiddellik praktiese voorbeelde van die titel/"dommer breine"/vergeet-agtigheid waarmee die leser kan identifiseer./betrek die leser by die scenario wat oor vergeetagtigheid gegee word./<br>Dit oortuig die leser dat hy/sy meer moet lees, want hy/sy kan dalk 'n slagoffer van digitale demensie wees. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.3 | Hulle dink vergeetagtigheid is as gevolg van ons gejaagde lewe. ✓<br>Die ouderdom veroorsaak vergeetagtigheid. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br>1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 1.4 | VOORDEEL:<br>Enige inligting is maklik verkrygbaar./<br>Jy hoef nie alles te memoriseer nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>NADEEL:<br>Dit maak die mens gemaksugtig./(kognitief) lui./<br>Die regterkant van die brein word benadeel./gaan stelselmatig agteruit./verloor die vermoë om te konsentreer./<br>Die linkerkant van die brein word oorgestimuleer. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>IRONIE:<br>'n Mens sou verwag dat slimfone jou gaan help om slimmer te wees, MAAR in werklikheid benadeel dit die brein./<br>'n Mens sou verwag dat slimfone jou tot voordeel strek, MAAR dit veroorsaak die brein se agteruitgang. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied albei dele van die ironie vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 1.5 | Die oormatige gebruik van skerms/tegnologie (kan digitale demensie veroorsaak). ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Alhoewel hulle al in 2012 die probleem geïdentifiseer het, is nog geen oplossings daarvoor gevind nie./As die oormatige skermtyd in 2012 reeds vasgestel is, is die probleem nou baie groter. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 1.6 | Werklike demensie is as gevolg van die agteruitgang van die breinvermoë./mediese agteruitgang. ✓<br>Digitale dimensie is as gevolg van oormatige skermgebruik./agteruitgang in gedragspatrone. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Werklike demensie, want dit gaan met 'n siektetoestand/mediese toestand/agteruitgang van die brein gepaard. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br>1<br><br>1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 1.7 | 'n Swak postuur/<br>Ongesonde eetgewoontes/<br>Min fisieke oefeninge/<br>Swak asemhalingstegnieke/<br>Vergeetagtigheid ✓✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied VIER antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 4 |
| 1.8 | Die woord "vasgevang" is funksioneel, want dit beklemtoon hoe intensief die mense by sosiale media betrokke is./dat hulle nie van sosiale media weggeskeur kan word nie./verslaaf aan sosiale media is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.9 | Hulle moenie die rekenaar/foon gebruik as dit nie vir hulle werklik van nut is nie./<br>(Hulle moenie) net die eerste dele/begin van paragrawe lees (nie)./<br>(Hulle moenie) sinlose dinge lees (nie)./<br>Doellose skermtyd ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 1.10 | Ja<br>Die oplossing word (in paragraaf 11) gegee dat jy op 'n doel moet fokus./by 'n tydsbeperking moet bly.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Paragraaf 11 bied nie praktiese oplossings/stappe vir hierdie omvattende probleem nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.11 | Kinders moet "Wag tot Graad 8"./<br>Geen fone moet by skole toegelaat word nie./<br>(Hulle moet) die "Neuro Heroes"-kursus (volg)./<br>Dr. (Marlena) Kruger/hello@technolifewise.org/www.technolifewise.org kontak. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.12 | Die kinders is gelukkig./tevrede./positief./geïnteresseerd. ✓<br>Die ouers is paniekerig./bekommerd./magteloos./moedeloos./negatief. ✓<br><br>*Die kandidaat bied soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan die emosies omskryf.* | 1<br>1 |
| 1.13 | Die retoriese vrae betrek die leser deur hom/haar te laat nadink oor die kind se betrokkenheid by die virtuele wêreld./<br>Die retoriese vrae lig die gevaar van die kinders se skermtyd uit./<br>Die retoriese vrae speel op die ouers se gevoel om iets aan die kind se betrokkenheid by die internet/sosiale media te doen. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 1.14.1 | Dr. Marlena Kruger is 'n kenner van/fokus op mense wat aan digitale verslawing ly (se rehabilitering). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.14.2 | Dit is noodsaaklik, omdat digitale demensie reeds by jong kinders voorkom./ Vroeë digitale blootstelling aan selfone het negatiewe kognitiewe gevolge./ Kinders se breinontwikkeling/konsentrasievermoë moet beter beskerm word.<br><br>**OF**<br><br>Dit is nie noodsaaklik nie, want indien kinders geleer word om tegnologie sinvol/ verantwoordelik/met beperkings te gebruik, sal dit nie 'n probleem skep nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[30]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

**Nasien van die opsomming**

- Die nasien van die opsomming word baseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totale punte: 10
- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: Ken 1 punt toe.
  - 4–5 feite korrek: Ken 2 punte toe.
  - 6–7 feite korrek: Ken 3 punte toe.
- Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
  - 6–7 direkte aanhalings: Ken geen punte vir taal toe nie.
  - 4–5 direkte aanhalings: Ken 'n maksimum van 1 taalpunt toe.
  - 2–3 direkte aanhalings: Ken 'n maksimum van 2 taalpunte toe.

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste aspekte bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**NASIENSIMBOLE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **V** | Onvolledige sin | **H** | Herhaling |
| **^** | Onvolledige feit | **S** | Stelling |
| **A** | Aanhaling | **F** | Feitefout |

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

Vra vir die ontvanger of hy/sy in 'n posisie is om 'n stemnota te ontvang. Hou ook jou boodskappe kort en gefokus. Moenie mense se tyd mors met 'n heen-en-weer pratery nie. As jy baie het om te sê, breek jou boodskap in kleiner brokkies op. Berei voor wat jy wil sê, sodat jy nie afdwaal nie. Moenie stemnotas gebruik om kontakbesonderhede oor te dra nie. Moenie stemnotas vir belangrike inligting vir werk gebruik nie. Laastens: moenie iets wat verkleinerend is/jou in 'n slegte lig kan stel, aanstuur nie.

[Getal woorde: 89 woorde]

**OF**

Downloaded from Stanmorephysics.com

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING |
|---|---|---|
| ... vra of die ontvanger in 'n **posisie is om 'n stemnota te ontvang**. | A | Vra vir die ontvanger of hy/sy in 'n posisie is om 'n stemnota te ontvang. |
| ... niemand wil luister hoe jy hul tyd mors met 'n klomp **heen-en-weer pratery** nie ... moet jy jou boodskappe **kort en gefokus** hou. | B | Hou jou boodskappe kort en gefokus./ Moenie mense se tyd mors (met 'n heen-en-weer pratery) nie. |
| Jy kan die boodskap ook in **kleiner brokkies opbreek** as jy **baie het om te sê.** | C | Breek jou boodskap in kleiner brokkies op as jy baie het om te sê. |
| **Moenie die stemnota stuur as dit korter as vyf woorde** of net 'n klank is nie. | D | Moenie die stemboodskap stuur as dit korter as vyf woorde/net 'n klank is nie./Moenie kort stemnotas stuur as 'n teksboodskap beter is nie. |
| ... jy moet vooraf minstens vaagweg **voorberei wat jy wil sê** ... | E | Berei (vooraf) voor wat jy wil sê, (sodat jy nie afdwaal nie.) |
| Die goue reël is om nooit stemnotas te **gebruik om kontakbesonderhede** soos foonnommers of adresse oor te dra nie. | F | Moenie stemnotas gebruik om kontak-besonderhede (soos foonnommers/adresse) oor te dra nie. |
| Moenie stemnotas vir **werk gebruik wanneer dit belangrike inligting behels** nie, want dit is baie moeiliker om op te volg. | G | Moenie stemnotas (met belangrike inligting) vir werk gebruik nie. |
| ... die stuur van iets wat **verkleinerend** is jou in **groot moeilikheid laat beland**. **Pasop dat dit jou nie in 'n slegte lig stel nie.** | H | Moenie iets wat verkleinerend is/jou in 'n slegte lig stel, aanstuur nie. |
| | | **Getal woorde: 90** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoordantwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie, tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word die letter van die korrekte antwoord en//of die antwoord wat uitgeskryf is, as korrek aanvaar.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | ATKV:<br>Die klein/fyn lettertipe/<br>Die gebruik van die groter lettertipe van die woord(e)/"Oorde" onder ATKV/<br><br>Buffelspoort:<br>ligter/witter/kleiner lettertipe/sekondêre plasing ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Die inligting stel die leser in staat om dadelik tot aksie oor te gaan./die vakansie te bespreek./Die leser hoef nie deur die hele advertensie te lees vir inligting nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 3.2 | Die leser word gemanipuleer deur:<br>"lekkerste" as 'n emotiewe woord./"lekkerste" ~~staan~~ in die oortreffende trap./<br>die woordgebruik "ooit"./Desembervakansie./<br>die gebruik van die persoonlike voornaamwoord "jy"./<br>die retoriese vraag (wat die leser dwing om oor die vakansie na te dink). ✓ | 1 |
| 3.3 | Die eerste stam/"fees" eindig op 'n -s en die tweede stam/"seisoen" begin weer met 'n "s". ✓ | 1 |
| 3.4 | Vrolikheid/blydskap/geluk/hartlikheid ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Die stemming in die visuele uitbeelding sluit by die lekker vakansie/vakansiegevoel aan./die feit dat jy lekker vakansie kan hou. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 3.5 | Ja<br>"Buffel" skakel met die naam van die vakansieoord./"Buffelspoort"./<br>"sterk" skakel met die gedagte van 'n groot afslag./baie goeie aanbod./<br>Die ongewone intensiewe vorm/neologisme van "sterk" beklemtoon die twee aspekte in die woord. ✓✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 3.6 | C/Vokaalreduksie ✓ | 1 |
| 3.7 | Sakpas/Desemberpromosie, want ek sal dit kan bekostig./<br>Die gerieflike opgedateerde/opgegradeerde 4-bed-rondawels, want ek hou daarvan om gerieflik te bly./<br>"...wag op jou" klink asof die uitnodiging eksklusief vir die leser/vir my bedoel is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Hulle lees nog (gedrukte) koerante. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.2 | Jammerte/hartseer/weemoed ✓<br><br>*Die kandidaat mag die emosie vir EEN punt omskryf.*<br><br>**EN**<br><br>Die gebruik van die uitroepteken(s) na "Ai"/Die uitroep "ai"/<br>Dit word versterk deur die woord "Ai" in donker/groter letters te druk. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 4.3 | Hy wil sy ouers oortuig/oorreed/manipuleer dat hy die rekenaar moet gebruik./'n rekenaar nodig het. ✓ | 1 |
| 4.4 | Navorsing gaan/sal steeds (deur jou) gedoen moet word./<br>Daar gaan/sal steeds deur jou navorsing gedoen moet word. ✓ | 1 |
| 4.5 | Die raampie is geslaagd, want:<br>die weglating van die woorde plaas die fokus op die gesprek wat nie plaasvind nie./<br>dit skep spanning oor die reaksie van die ouers./wat die ouers gaan besluit./<br>dit gee die geskokte stilte/verstomming/ongeloof van die ouers weer./<br>Jorik word klein geteken wat op sy ondergeskiktheid aan sy ouers dui. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie aandui dat dit NIE geslaagd is NIE.* | 2 |
| 4.6 | Jorik het verwag dat hy sy ouers oortuig het oor die waarde van 'n rekenaar,/om hom toe te laat om die rekenaar te gebruik, maar hy word geskok deur sy ouers wat hom na die outyd terug wil neem./die tyd toe mense met 'n pyl en boog gejag het./<br>In plaas van om die rekenaar te gebruik, leer hy om vuur te maak/met 'n pyl en boog te skiet/vaardighede aan te leer van jare gelede. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat moet na beide kante van die antiklimaks vir EEN punt verwys.* | 1 |
| 4.7 | Vandag gaan ons jou leer om vuur te maak en (om) met 'n pyl en boog te skiet. ✓ | 1 |
| 4.8 | Op figuurlike vlak dui raampie 1 die ontwikkeling van die mens/die aapmens (tot die tegnologieslim mens) uit, terwyl Jorik se ouers terugbeweeg/agteruitgaan in ontwikkeling (na die pyl-en-boog-/vuur-era)./<br>Op letterlike vlak is daar 'n afwesigheid van vuur/pyl en boog in raampie 1 teenoor die ouers se woorde in raampie 10 dat hulle hom gaan leer om vuur te maak/met 'n pyl en boog te skiet. ✓<br><br>*Die kandidaat bied BEIDE kante van die kontras vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | B/impulsief ✓ | 1 |
| 5.2 | Die woord "maar" word in die sin nie as 'n (teenstellende) voegwoord/verbindings-woord/'n teenstelling gebruik nie./as 'n bywoord (van modaliteit) gebruik. ✓<br><br>**EN**<br><br>Ek is siek, <u>maar</u> ek sal skool toe gaan. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin met "maar" as 'n voegwoord aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 5.3 | soms ✓ | 1 |
| 5.4 | Die ge- vorm die verlede tyd. ✓ | 1 |
| 5.5.1 | Hulpwerkwoord (van wyse/modaliteit) ✓<br><br>**EN**<br><br>"wou" sou die sinsbetekenis verander van 'n feit/sekerheid na 'n wens/strewe/lus/ begeerte/verlange/iets wat nie gerealiseer het nie./<br>"wou" sal beteken dat Netwerk24 dit oorweeg het, maar besluit het om dit nie te doen nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 5.5.2 | seepglad ✓<br><br>*Die kandidaat moet die woord korrek spel.*<br><br>**EN**<br><br>Die meer/dam lê vandag <u>spieëlglad</u> sonder 'n rimpel./<br>Die mooi meisie se hare is <u>syglad</u>./Die jogurt gly <u>syglad</u> in my keel af./Die jongman se stem is <u>syglad</u>./Die nuwe bestuurder trek <u>syglad</u> weg om sy lisensie te bekom.<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**OF**<br><br>Die vloer is <u>seepglad</u> nadat dit gereën het. ✓<br><br>*Indien die kandidaat se eerste antwoord verkeerd is, word die tweede opsie aanvaar.*<br>*Die korrekte spelling van die woord binne sinsverband is nie noodsaaklik nie.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 5.6 | Apr. ✓<br><br>*Die kandidaat MOET die punt aan die einde invoeg.* | 1 |
| | | **[10]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |